

Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-3:1, 4

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.
- 4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smEEK.
Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,
geheimenisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 20 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, Heer,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde is guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smEEK.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 144:1, 4 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wankle tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.
- 4 O God, ek wil opnuut my dank U bring / en by die harp my psalmgesang U sing,
U wat aan Dawid die oorwinning gee / oor reuse-swaard, vir sy verderf gesmee.
Verlos my uit 'n see van ramp en nood, / want vreemdes dreig my met 'n wisse dood.
Hul mond spreek leuens en hul regterhand / doen by hul eed dié leuenwoord gestand.

Skriflesing: Nehemia 4:1-23

Kernverse: Nehemia 4:14b

Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise. (Nehemia 4:14b AFR83)

Tema: Met vertroue op God kan jy al jou kommernis aanpak

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die Heilige Gees het ons tot dusver vanuit die boek Nehemia, aan die een kant, geleer dat 'n mens 'n werk, groot of klein, met gebed aanpak. Aan die ander kant het Hy ons ook verseker dat God se goeie hand die werk doen deur middel van ons swak hande, daarom sal die werk wat in vertroue op die Here gedoen word, slaag. God sal die afloop van die werk goed laat geskied.

Ons bly egter nog maar swak en wankelrige mense. Dit gebeur so maklik dat die geringste ou rukwindjie ons van koers af pluk. Dan voel dit of al die wind uit ons seile is en ons dobber van voor af koersloos op die lewensee rond. En nou is dit vertroostend om te weet dat ons Here, die Drie-enige God van hemel en aarde, ook 'n oog het vir hierdie dinge wat met ons kan gebeur of al gebeur het. In die Bybel lees ons nie net van die mooi en wonderlike lewe in die teenwoordigheid van die Here nie. Die gelowiges van wie geskryf word, word ook nie aan ons voorgehou as hierdie wonderlike goeie mense wat maar net een maal die Woord van God hoor en daarna vir altyd honderd persent gehoorsaam aan die Here lewe nie. As dit die geval sou wees, sal 'n mens kan verstaan as iemand sê dat hy of sy nooit kan wees en doen wat God wil hê nie. Ons sou altyd minderwaardig en soos mislukkings gevoel het.

Omdat die Heilige Gees nie net die mooi en wonderlike dinge in die Bybel neergeskryf het nie, maar ook die vaal en dowwe kolle, gee dit vir ons moed en krag. Saam met die beskrywing van die vaal en dowwe kolle in die lewens van ander gelowiges, wys Hy ook vir ons die weg uit hierdie vaalheid uit tot in die heerlike en verkwikkende lig van ons Here.

Die inwoners van Jerusalem en Judea was deur Nehemia se vertroue op die Here en sy geesdrif aangevuur om die muur van Jerusalem te herbou. Wanneer 'n mens hoofstuk 2 en 3 lees, lyk dit asof die Jode hulle nie eers aan die spotlaggie van Sanballat en sy twee makers gesteur het nie. Die God van die hemel sal hulle mos laat slaag in wat hulle gaan doen.

In die afgelope week het jy, broer, suster en kind, miskien aan die vervalle mure van jou huwelik, gesin of geloofslewe begin bou. Met ywer het jy weggespring, want jy weet mos dat God wil hê dat jy saam met jou hele gesin 'n hegte en persoonlike verhouding met Hom sal hê. Die Here wil mos hê dat jy ter wille van sy Naam en sy koninkryk 'n liggende lig vir Hom in hierdie wêreld sal wees. Maar baie gou het jy ook agtergekom dat jou vyande nie so maklik die stryd gewonne gee nie. Hulle het nie maar met hulle spotlaggie volstaan toe hulle sien dat jy met ywer aan jou geloofslewe, gesin en huwelik werk nie.

Jerusalem se vyande het ook nie met 'n spotlaggie volstaan nie. Inteendeel, toe Sanballat hoor dat Nehemia-hulle die muur begin herbou, was hy woedend. Tog het Sanballat geweet dat die Judeërs nie magteloos is nie. Nehemia het koning Artasasta se ondersteuning om die muur van Jerusalem te herbou. Sanballat het self die koning se briewe gesien. Maar 'n booswig is mos domastrant. Al weet Sanballat dat hy nie weer met skinderpraatjies by die koning dit sal kan regkry dat die bouery gestaak word nie, gooi hy ook nie handdoek in nie. Selfsug en hoogmoed maak dat hy na 'n sielkundige aanslag gryp.

Sanballat verskerp die gespot deur verkleinerend van die Jode te praat. Vir sy soldate vra hy:

Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle vir hulle 'n stadsmuur bou? Wil hulle offerandes bring en in een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe laat herleef uit daardie hope stof en as? (Nehemia 4:2 AFR83)

'n Mens kan byna die bulderende gelag van die soldate hoor. Die goewerneur het mos nou 'n grappie gemaak. Maar dit is nie net die Judeërs wat verkleineer word nie. Die gespot teenoor die Here self verskerp ook in die mond van Sanballat. Hy maak asof die Here na die Jode se pype sou dans en sorg dat die muur sommer gou-gou sou klaarkom omdat hulle vir Hom offerandes gebring het. Sanballat verkleineer die Here en dink dat die God van die hemel soos afgode met offerandes omgekoop kan word.

Geliefdes, u het dit seker ook al agtergekom. Sodra een mens met sy gespot en verkleining teenoor jou begin, is dit nie lank nie of daar is nog mense wat saam met hom spot. Tobija het langs Sanballat gaan staan en saam gespot:

Laat hulle maar bou! Daardie klipmuur van hulle sal sommer omval as 'n jakkals net daarteen spring! (Nehemia 4:3 AFR83)

Wanneer 'n mens met so 'n gespot en verkleining teen jou te doen kry, is die grootste fout wat jy kan maak om terug te spot en te verkleineer. Die Heilige Gees leer vir ons die rigting wanneer dit met jou gebeur. Nehemia buig in gehoorsaamheid voor die heerskappy van die Heilige Gees. Die volk volg Nehemia in hierdie omstandighede. Onder aandrang van die Heilige Gees neem Nehemia-hulle in gebed hulle toevlug tot God.

Hierdie eerste gebed klink maar vreemd op ons sogenaamd beskaafde ore. Baie Christene vra sommer gou: Hoe kan 'n gelowige die wraak teen die vyand wil afbid? Jesus leer ons dan om ons vyande lief te hê en vir hulle te bid. Maar dan, geliefdes, moet ons hierdie gebed binne die hele gebeure verstaan. Die herbou van die muur is nie Nehemia se stokperdjie nie. Die Here het dit vir Nehemia in die hart gelê om die muur te herbou. Nehemia doen dit sodat die lewende God nie langer verneder word nie. Ter wille van sy heilige Naam wil God hê dat die muur van Jerusalem weer moet staan.

Daarom is dit nie Nehemia se eie wraakgevoelens wat in hierdie gebed verwoord word nie. Hy vra dat God wraak sal neem omdat die vyand met God en God se werk spot. En ons weet dat God nie met Hom laat spot nie. Wie met God se Naam en eer die spot wil dryf, moet weet dat daar nie nog 'n sonde is wat God so vertoorn as die lastering en bespottling van sy Naam nie. Daarom het die Here ook beveel dat so 'n sonde met die dood gestraf moet word (vgl. Lev 24:16 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 36:100).

Met hierdie eerste gebed het Nehemia-hulle die gespottery in die hand van God gelaat. Die Here sal self met die booswigte maak wat Hy weet goed en reg is. Daarom kon die Jode rustig voortgaan met die herbou van die muur. Hulle kon al hulle energie in die herbou van die muur insit en hoef dit nie te vermors deur die vyand te spot en te verkleineer nie.

Geliefdes, vir die gelowige is gebedsvertroue en goed georganiseerde werk die enigste effektiewe antwoord teen 'n gespot en sarkastiese grappies wat jou wil afbreek. Die Here gee vir ons in 1 Petrus 4 'n baie kosbare en praktiese woord:

Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheersd en nugter wees, sodat julle kan bid. (1 Petrus 4:7 AFR83)

Wanneer iemand jou tart en spot, is daardie persoon daarop uit om 'n reaksie by jou uit te lok. Hy wil hê jy moet kwaad word en iets doen of sê sodat hy jou kan beetpak of nog iets erger kan toesnou. As 'n mens eers toegegee het aan daardie natuurlike reaksie om

kwaad te word en terug te spot, het jou emosies die beheer van jou doen en late oorgeneem. Dan is jy nie meer nugter en selfbeheersd nie. En die slegte nagevolg daarvan is dat jy nie meer kan bid nie. 'n Mens wat kwaad is, bid maar moeilik as hy sover kom.

Omdat die Judeërs oortuig was dat die herbou van die muur God se werk is, het Nehemia hulle voorgestaan deur in die gebed hulle toevlug tot die Here te neem. Dit was deur hierdie gebed wat die Heilige Gees hulle versterk het en hulle het goed gevorder met die werk. En sommer baie gou was die muur halfpad opgebou.

Toe Sanballat agterkom dat hulle sarkastiese grappies en gespot geen indruk op die Jode maak nie, het hy 'n ander bose plan bedink om die bouery aan die muur stop te sit. Dit is verbasend hoe gou die booswigte sommer in hulle hordes kan vergader wanneer hulle God se werk begin teëstaan. Aangesien die gespot nie die Jode met die bouery laat ophou nie, beplan Sanballat om saam met Tobija, Gesem en die mense van Asdod 'n aanval teen Jerusalem te loods en verwarring onder die Jode te veroorsaak. Jerusalem word nou van alle kante deur die vyande omring. Sanballat is in die noorde, Tobija en die Ammoniete is in die ooste, Gesem en die Arabiere is in die suide en die mense van Asdod is aan die westekant.

Maar nou weet Sanballat dat hulle nie met 'n grootskaalse oorlog teen Jerusalem kan optrek nie. Koning Artasasta sal dan agterdochtig raak en Sanballat se goewerneurskap sal in gedrang kom. Daarom beplan hulle om soos terroriste stilletjies nader te sluip en dan skielik hier en daar die Jode aan te val en dood te maak, nie om die Jode totaal uit te wis nie maar net om hulle te laat ophou met bouery.

Broers, susters en kinders, dit is mos hoe die Satan en die mense wat nie wil hê dat jy die Here meer getrou moet dien nie, ook maak. Die Satan hits mense aan om eers met jou te spot wanneer jy begin om meer getrou te wees in jou diens aan God. En as dit nie werk nie, word die aanslag op jou geloofslewe verskerp. Eers word die mense wat jou van God af wil wegtrek meer, sodat jy moet begin twyfel of dit werklik die moeite werd is om meer getrou te wees in jou diens aan God. Hierdie aanslag maak dat jy naderhand vir jouself wil sê: Tot dusver het ek goed genoeg reggekome met so 'n flouerige verhouding met die Here. Daarom oorweeg jy om maar weer soos vroeër met 'n flouerige verhouding met die Here aan te gaan. Maar die Heilige Gees keer met krag dat jy terugval en ophou om te bou aan jou geloofslewe.

As die Satan agterkom dat hierdie poging van spot en verkleining nie regtig 'n indruk op jou maak nie, wend hy hom ook tot terrorisme. Satan weet dat hy op Golgota reeds deur Christus oorwin is, maar hy gaan nie die stryd gewonne gee nie. Hy sal probeer om jou op enige denkbare manier weg te trek van die Here af. Hy sal selfs vriende en familie gebruik om jou van die Here af weg te trek. Dink maar 'n bietjie aan die verskonings wat ek en jy ook al uitgedink het op aandrang van ander mense oor hoekom ons nie getrou in diens van die Here iets wou doen nie. Dit is maar een van die baie maniere waarop die Satan soos 'n terroris jou laat toegee aan jou oumens wat met die Here niks te doen wil hê nie. Hierdie aanslae van die Satan wat hy soos 'n terroris op 'n gelowige maak, is aanhoudend en knaend.

En die gevolg van hierdie aanhoudende aanslae is daardie vaal en dowwe kolle in 'n mens se geloofslewe. Jy word moeg om aan te gaan, want dit is harde werk en vra deurstellingsvermoë om jou verhouding met God lewendig en kragtig te hou. Jy word moedeloos, want dit lyk asof jy een tree vorder maar weer twee treë terugsak. En jy word bang, want dit lyk asof jy dit nooit gaan regkry om jou verhouding met God so te kry soos wat Hy wil hê dit moet wees nie.

Kyk net, dit is wat met die Judeërs ook gebeur het. Hulle het selfs 'n klaaglied aangehef:

Die draers se kragte gee in, die puin is te veel. Ons gaan dit nie regkry om die muur klaar te bou nie. (Nehemia 4:10 AFR83)

As gevolg van die harde werk het hulle moeg, moedeloos en bang geword.

Hoe kom 'n mens nou uit so 'n neerdrukkende en verlammeende gevoel uit los? Die Heilige Gees gee vir ons die rigting. Nehemia-hulle het weer gebid en aangehou werk. Maar saam met die werk het hulle wagte aangestel en hulle bewapen. 'n Gelowige laat hom nie onkant deur 'n aanval van die Satan betrap nie. Die Here waarsku ons dat die Satan soos 'n brullende leeu rondloop en soek wie hy kan verslind (1 Pet 5:8).

Maar dit gaan nog verder. In die gebed en saam met die werk vestig Nehemia die Judeërs se aandag op God. Moenie vir Sanballat-hulle bang wees nie.

Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend. (Nehemia 4:14 AFR83)

Die Naam van God in ons kernvers *Here* (*HERE* – Verbondsgod in 1953-vertaling) maak aan ons bekend wie God is. Hierdie Naam beteken *regeerder* en *eienaar*. God is die Here. Hy regeer oor die hele wêreld. Hy regeer ook oor Sanballat, die vyand van die Jode. Hy regeer ook oor ons wêreld. Selfs die Satan en die goddelose mense wat in sy mag is, kan nie roer of beweeg as dit nie die Here se wil is nie. En as dit nie die Here se wil is dat die Satan en die goddelose mense jou moet laat ophou bou aan jou geloofslewe nie, sal hulle dit nie kan regkry nie al probeer hulle hoe hard en aanhoudend. Daarom hoef ons nie bang te wees vir die vyand nie.

En geliefdes, nou het ons Christene nog hierdie bykomende versekering dat Jesus Christus leef en Hy regeer in hierdie wêreld van ons. Omdat Hy ons met sy kosbare bloed losgekoop het van die sonde en die heerskappy van die duiwel, is ons sy eiendom. Jesus Christus, ons Verlosser, is ook ons Here. Met stewige bande van Goddelike liefde het Hy Homself aan jou en my verbind. Daarom hoef ons nie bang te wees nie. Daarom kan ons voortgaan met die werk wat Hy van ons verwag. Hy is immers die Verbondsgod. Dit is wat die Here met sy Naam in ons kernvers vir ons ook duidelik maak. Die Naam *Here* staan in die '53-vertaling in hoofletters geskryf. Die verbond wat Hy met ons bevestig het, is 'n ewige verbond en die Here bly getrou aan sy eie verbond.

Daarby is die Here ook nog groot en ontsagwekkend. Met die woord *groot* verseker die Heilige Gees ons dat God almagtig, alomteenwoordig en onveranderlik is. En aangesien Christus ook God is, is Hy ook almagtig. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Hy is alomteenwoordig. Hy weet van al die aanslae wat kan veroorsaak dat daar vaal en dowwe kolle in ons geloofslewe kom. En Hy het ook medelye met ons wanneer die aanslae vir ons erg word. Daarom het Hy sy Gees en Woord aan ons gegee sodat ons koers kan kry uit hierdie vaal kolle uit. Hy is onveranderlik. Die Seun van God is van ewigheid tot ewigheid dieselfde. Sy liefde vervaag nie. Hy raak nie moeg vir ons nie. Hy bly ons Middelaar en Redder.

Omdat God in Christus Jesus ons Eienaar en Verlosser is, wek dit by ons ontsag vir Hom. Die oumense het gepraat van *die vrees van die Here*. Dit is nie om bang en beangs te wees vir God nie. Die vrees van die Here of ontsag vir die Here beteken dat ons Hom eer en respekteer. En wanneer 'n mens eerbied en respek vir die Here het, wil jy alles reg doen omdat jy Hom liefhet. Wil jy aangaan om aan jou geloofslewe, jou persoonlike verhouding met Hom te werk, want Hy het nie omgee om jou en my sondes op Hom te neem en daarvoor aan die kruis te sterf nie. Trouens, Hy het dit gedoen omdat Hy ons liefgehad het toe ons nog geheel en al ongehoorsaam was aan Hom.

Het die kammernis in jou daaglikse werk en in jou verhouding met die Here jou so beetgepak dat jy ook moeg, moedeloos en vreesbevange voel? Kom ons loop die pad waarop die Heilige Gees ons vanoggend begin lei: Bid en sê vir die Here wat jou bekommerd maak, hou aan met jou harde werk en onthou, God is die Here, groot en ontsagwekkend.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leëbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die Heer! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die Heer sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Mei 2014